

Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

NR. 134

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad



BID — WAAROM?

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid- Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.

MOET EK BID?

M. J. Booyens

DAAR WORD NOG GEBID:

In ons land, altans onder ons Afrikaners, is daar min mense wat nog **nie onder 'n gebed was** nie; al bid hulle nie self nie.

Ons skole word met gebed "geopen." Vergaderings van uiteenlopende aard, begin nie sonder dat iemand eers vooraf gebed het nie. Die gebed word gebruik en ook dikwels misbruik.

Soms bid mense gelowig en soms bygelowig of selfs ongelowig. In sommige kringe roem mense daarop dat hulle gebede op wonderbaarlike wyse, byna meganies verhoor word. Andere erken weer dat hulle gebede vrugteloos is. Hulle kla dat hul gebede teen hulle kamerzure vasslaan. Hulle kon net sowel maar staak, hulle merk niks van verhooring van gebede nie.

IS DIT DIE MOEITE WERD?

Sou daar werklik 'n God wees wat gebede hoor? Sou Hy werklik, indien Hy bestaan, ag slaan op mensies wat kniel en roep en smeek? Is dit nie maar 'n veronderstelling nie? Wat sien 'n mens eintlik van God en sy regering in die wêreld; wat anders as nood en ellende en droefheid en onopgeloste vrae? Nee wat, God hoor nie, of Hy steur Hom nie aan die gebede nie, of Hy bestaan nie eens nie.

Wanneer ek oor die gebed gesels, huiwer ek selfs om te vertel van my eie gebede. Ek bid gereeld. Ek kan ook nie ophou om te bid nie. Ek skaam my egter gereeld vir my gebede, veral dié wat ek in die eensaamheid van my studeerkamer of slaapkamer opstuur. Ek is soms so in verleentheid, dat ek wonder of ek nie maar uit gewoonte of bygelowigheid aanhou om te bid nie.

SONDER GEBED IS EK VERLORE:

Tog kan ek met u praat oor die gebed en wil ek dit graag doen. Ek is oortuig daarvan dat ek heeltemal 'n ongeankerde mens sou wees, indien ek nie geleer het om te bid nie. Ek sou soos 'n stuk dryfhout koersloos in die wêreldsee deur die golwe rondgeslinger word. Miskien sou ek al in wanhoop in die dieptes van ongeloof verdwyn het. Dat ek nog bid en aanhou om te bid, is vir my dié bewys dat God my nog vashou en nie laat vaar nie. Dat ek Hom soek in die gebed, al is dit prewelend en swak, is die bewys dat Hy my soek en gekry het en nie loslaat nie.

WAT SÊ DIE BYBEL?

Waarom moet 'n mens dan bid? Glo jy in die Bybel, dan weet jy immers dat God alles weet. Hy ken jou, Hy ken jou behoeftes en Hy weet wat jy nodig het, voor dat jy dit vra. Waarom is dit altyd nodig om te bid? Paulus skryf: "Bid sonder ophou." (1 Thess. 5:17). Die Here Jesus self benadruk gedurig die gebed: "Bid en vir julle sal gegee word." (Luk. 11: 9). "Waak en bid." (Luk. 21:36). Só kan ons nog baie plekke uit die Bybel aanhaal waar ons opgeroep word om te bid, om nie eens te praat van al die voorbeelde van gebede wat in die Skrif opgeneem is nie. Jesus self het baie gebede: (Luk. 6:12; 9:28; Markus 14:32, 39; Joh. 17).

Vir die Christen is dit duidelik: jy moet bid, omdat die Bybel dit nadruklik beveel en ons uit die Bybel die voorbeeld ontvang van gelowiges en selfs van Christus. Daarom mag 'n mens dit nie nalaat nie, nooit nie!

DANKIE HERE!

Die gelowige mens, wat glo in Jesus Christus en daarom weet dat hy verlos is, kan nie anders as om

baie dankbaar te wees nie en hy sê dit vir die Here. Hy spreek sy dank uit — in sy dankgebede. Hoe dikwels sê 'n Ma haar kindjie voor om "dankie" te sê wanneer hy iets ontvang! As 'n kindjie dan geleer word om dankie te sê wanneer hy 'n presentjie of 'n lekkerny ontvang, hoeveel te meer moet ons dankie sê dat ons die groot gawe van die ewige lewe in die Here Jesus ontvang het?

Ons hemelse Vader is só goed vir ons. Luister: "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons alles genadiglik skenk nie?" (Rom. 8:32). Hy gee sy eie Seun en saam met Hom alle gawes, na liggaam en siel. Ons ganse lewe moet een deurlopende danklied wees.

HELE LEWE 'N DANKLIED:

Ons gebede sou ydel en niksseggend wees, indien ons die Here alleen met die lippe dank en ons dade daarteen vloek. Bid is harde werk. Dank jy die Here, dan bewys jy ook jou dank met jou dankoffers. Luister weer na Paulus: "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer, dit is julle redelike godsdiens." (Rom. 12:1).

HELP MY, HERE, EK VERGAAN!

Daar is nog 'n baie belangrike rede waarom 'n Christen moet bid — aanhou bid. Hy het op aarde te kampe met doodsvyande. Hy word elke dag aan versoekinge blootgestel. Sy vyande ruk en pluk aan hom om hom los te ruk uit die hand van sy Here. Hy val soms in sonde en struikel daaglik uit swakheid en hy kan gou gewoon raak aan 'n verkeerde leefwyse. Soek daarom in jou swakheid jou hulp op die regte plek... op jou knieë... by die Almagtige! Paulus, die groot sendeling en apostel van Jesus Christus, stel dit só: "Baie liefier sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon. Want as ek swak is, dan is ek sterk." (2 Kor. 12:9, 10).

"As ek swak is, dan is ek sterk!" Waarom kan Paulus dit sê? Omdat Hy sy krag by die Almagtige soek. Leef gerus onder die besef van u swakhede, maar bly dan maar klein op die knieë voor die Here. Luister wat belowe Hy: "Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryselde." (Jes. 57:15).

Bid sonder ophou! Bid al voel jy nie so om te bid nie! Bid al sien jy nie die resultate nie! Bid jou dankgebede omdat jy verlos is! Bid omdat jy swak en klein is! Bid: "Here leer my om te bid!"

HERE, LEER MY OM TE BID!

MENSE WAT NIE BID NIE

'n Mens kry dikwels die argument dat jy nie moet bid as jy nie daarna voel nie. Daar word gesê dat wanneer jy "uit gewoonte" bid, of omdat jy beveel word, doen jy sonde. Indien die gebed nie spontaan uit eie behoefte by jou opkom nie, moet jy liefier nie bid nie.

Ander mense sê: "Ek kan nie bid nie. Miskien kan ek nog in eensaamheid bid op my manier, maar voor mense kan ek hoegenaamd geen woord **uitkry nie**."

BID DEUR TE BID!

Jare gelede het ek gelees hoe Totius hierdie probleme benader. Hy sê: 'n Mens leer om te bid deur te bid. Net soos 'n kind leer om te loop, deur te loop, of leer om te praat deur te praat. Só leer 'n mens ook om te bid deur te bid.

Indien 'n kind by homself sou redeneer: "Ek wil nie probeer om te loop, omdat ek nie die spontane

begeerte daarvoor het nie," of: "Ek weier om voor mense te praat, voordat ek vlot kan praat," dan sal hy nooit kan loop of praat nie.

EK KAN NIE!

Hierin het ons as ouers 'n groot verantwoordelikheid. Ons moet ons kinders leer om te bid, net soos ons hulle leer om te loop en te praat. Ons moet hulle daarin oefen en pligsgetrou maak. Ons moet ons kinders ook die geleentheid gee om in die openbaar te bid. Laat hulle aan tafel bid en dank. Laat ook die dogtertjies dit doen. Hulle moet in die openbaar van die Here praat. Dit is elkeen wat die naam "Christen" dra, se heilige roeping. Ek dink aan die geval waar 'n vrou iemand wat baie siek is, besoek. Met 'n smekstem vra die lydende: "Bid vir my!" en die antwoord is "Ek kan nie!" Wat 'n verskriklike aanklag!

JULLE AANBID WAT JULLE NIE WEET NIE

Hiermee is ons probleem nog nie aangespreek nie. Die Bybel leer ons nadruklik hoe 'n ware gebed daar moet uitsien. Kom ons ondersoek dit!

In Joh. 4 ontmoet Jesus 'n Samaritaanse vrou. Hy voer 'n merkwaardige en leersame gesprek met haar. Ook die gebed kom ter sprake. Eindelik sê sy: "Here, ek sien dat U 'n profeet is. Ons vaders het op hierdie berg aanbid en julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is." Hierop antwoord Jesus o.a. "**Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode.** Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid, want die Vader soek ook sulke mense wat Hom aanbid."

DIE ENIGSTE WARE GOD

Hier leer Jesus ons hoe 'n ware gebed behoort te wees. Allereers gaan dit nie oor die plek waar ons bid nie, maar oor wat of wie ons aanbid. Die Samaritane se groot sonde was nie dat hulle "op hierdie berg" aanbid het nie. Hulle sonde was dat hulle nie die enigste, ware God aanbid het nie. "Hoor Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Julle mag nie agter ander gode aanloop nie, want die HERE jou God is 'n jaloerse God by jou, sodat die toorn van die HERE jou God nie teen jou ontvlam en Hy jou van die aarde verdelg nie." (Deut. 6 : 4, 14, 15). Die Samaritane het wel ook die HERE, die God van Israel, op hulle manier aangeroop. Hulle het egter, naas Hom, ook hul afgode aanbid. Daarom sê Jesus: "Julle aanbid wat julle nie weet nie."

KEN JY DIE ENIGSTE WARE GOD?

Die gebedspoort is nou en die gebedspaadjie is smal. Jy moet slegs die enige ware God, wat Hom in die Skrif geopenbaar het, aanbid — anders ontvlam sy toorn teen jou en verdelg Hy jou in sy toorn, want Hy is 'n jaloerse God. Daarom moet jy die Here ken en om die Here te ken, moet jy sy Woord ken.

MARTELENDE GEBEDSDISSIPLINE?

Jesus sê dat "die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid." In die Roomse kloosters word mense geleer om hulleself te pynig en in te span in konsentrasie en oefening om "in gees en waarheid" te kan bid. Dit is in werklikheid 'n marteling in selfdissipline. Is dit wat die Here Jesus hier bedoel?

Nee, beslis nie! Hy bedoel slegs dat 'n mens die Here moet aanbid soos sy Gees ons in sy Woord leer. Dit beteken eerstens dat ons Hom as die enigste ware God moet ken en aanbid — soos die Gees Hom in die Skrif aan ons bekend gemaak het.

HOU VAS AAN SY BELOFTES!

Verder bedoel die Here Jesus dat ons aan die waarheid van sy Woord en veral die beloftes van sy Woord moet vashou. "Want elkeen wat bid, ontvang en hy wat seek, vind en vir hom wat klop sal oopgemaak word." (Matt. 7:28). Elders sê Hy "As julle dan, wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid." (Luk. 11:13).

BID GELOWIG!

Kom jy egter so in gees en waarheid voor die ware God en voor sy onwankelbare beloftes te staan, dan beteken dit ook dat jy in Hom en sy beloftes glo. Jou gebed is dan nie maar 'n skoot in die donker — met die gedagte dat dit mag tref nie!

Jy weet dat Hy sal verhoor om Christus se ontwil. "As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry." (Joh. 15 : 7). Hier sê die Here Jesus net in ander woorde wat dit beteken om in gees en waarheid te aanbid.

ONTHOU, JY IS 'N SONDAAR!

Dit beteken ook dat jy en ek en wie ook al bid, goed weet dat ek nie verhoor word ter wille van myself of my mooi gebed nie. Ons weet te goed hoe sondig ons is. In onself het ons niks om op te pleit nie. Ons kan net maar op Hom Jesus Christus se verdienste pleit. Dit sê Jesus ook aan die Samaritaanse vrou, wanneer hy sê "die saligheid is uit die Jode." Sonder die Saligmaker kan ook van ons gesê word "Julle aanbid wat julle nie weet nie."

HOE LEER DIE HERE ONS DAN OM TE BID?

Aanbid die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het.

Aanbid in die besef van jou eie nood en ellende, wat beteken dat jy in jouself 'n verlorene is.

Aanbid gelowig deur vas te gryp aan die beloftes van God in sy Woord, wat saamgetrek word in Jesus Christus jou Saligmaker, op wie jy vertrou.

HOU AAN OM TE BID!

"Bid sonder ophou!" (1 Thess. 5:17). "terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees." (Ef. 6:18).

WANNEER GOD SWYG?

Soortgelyke uitsprake is volop in die Bybel. Ons word deurgaans aangespoor om aan te hou of te volhard om te bid, maar wat moet ek dan doen as daar geen reaksie is nie? Daar kom geen antwoord op my gebed in 'n bepaalde noodtoestand nie. Die hemel is soos van koper, ondeurdringbaar en my pad is so eensaam en dit help nie! Ek kruip my knieë deur en die hemel bly geslote. God swyg. Hy is stil. Die donker bly en my Here antwoord nie.

Gelukkig het ons in die Bybel ook baie voorbeelde van mense onder sulke omstandighede. Soms het hulle aangehou en soms het hulle geweet dat hulle moet ophou om te bid. Kom ons kyk eers na iemand wat aangehou het; ondanks 'n Here wat swyg!

WEES MY BARMHARTIG, HERE!

Sy was nie 'n Joodse vrou nie. Sy het nie tot die verbondsvolk behoort nie, maar was 'n heiden. Die Bybel noem haar 'n Kanaänitiese vrou. Ons lees byvoorbeeld van haar in Matt. 15. Jesus en sy

dissipels het uitgewyk na die streke van Tirus en Sidon, buite die land Palestina. Jesus self wou om een of ander rede nie hê dat die mense moes weet wie Hy is nie, maar dié bepaalde vrou het van Hom gehoor en sy kon nie swyg nie, want sy was in groot nood. Sy roep na Hom en sê: "Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete!"

Dadelik val twee dinge 'n mens op Sy is in groot nood en sy weet wie Jesus is. Die Seun van Dawid is die verwagte Messias van die Jode. So roep sy Hom aan. Só bid sy tot Hom. Haar gebed is tot die regte adres gerig.

JESUS ANTWOORD NIE:

En Jesus? Ons lees van Hom: "Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie." Hy swyg en ignoreer haar asof sy nie bestaan nie.

'n Swyende Christus! 'n Swyende God!

Is dit die moeite werd om aan te hou? Dit is tog duidelik dat Hy haar nie wil hoor of help nie! Spaar maar die moeite en gaan huis toe! Hierdie Christus is nie begaan oor jou nood nie! Hy maak of Hy jou nie eens raaksien nie; wat staan nog verhoor?

NET VIR MY SKAPE

Die vrou hou aan. Sy hou só aan dat sy naderhand vervelig en lastig raak in die oë van Jesus se dissipels. "Doen tog iets, Here! Gee haar maar haar sin, want sy loop agter ons aan en roep en netnou is hier 'n menigte wat ons vertrap. Hoe gouer U haar help, hoe gouer sal ons weer rus hê — die rus wat U so nodig het."

Toe reageer Jesus, maar Hy praat nie met die vrou nie. Hy sê vir sy dissipels "Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel."

HERE, HELP MY!

Hoor jy dit, bekommerde moedertjie? Gaan maar huis toe! Hierdie Joodse Messias het geen ore vir jou met jou nood nie! Jy hoort nie by skape nie, maar sy kom en val voor Hom neer en sê: "Here, help my!"

Plat in die stofstraat, voor die voete van Jesus, lê 'n ellendige mens. Dan trap Hy haar nog platter in die stof: "Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en vir die hondjies te gooi nie," sê Hy. Die eerste keer dat Hy iets vir haar sê... vreeslik!

Wat wil jy nog meer! Die hooghartige Jood! Hy noem haar 'n hond en die Jode die kinders... natuurlik die kinders van die Here! En sy... sy is niks meer as een van die heidense honde in die oë van die Here nie! Erger kan dit nie! Ek loop!

DIE HONDE SE DEEL

Nee, sy loop nie. "Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval."

Was u al daar waar sy nou lê? Plat in die stof voor sy voete en ondanks elke afwysing, hou jy aan? Die geringste teken dat jy raakgesien word, al is dit vernederend, gryp jy gelowig vas? 'n Sondaar... 'n veragte ellendeling... 'n uitgeworpene...! Kerkmense kyk weg en vermy jou asof jy melaats is... 'n hond en geen mens nie!

Ag Here, ook die honde het 'n plekkie — onder die tafel! Gee my maar die krummels, dit is genoeg

vir my, want ek verdien niks nie! U het rede om my te verwerp en in die stof te trap, maar wees my sondaar, genadig!

GEBED VERHOOR!

Die vrou het aangehou. Sy het haarself diep verneder en sy is nie teleurgesteld nie. Sy is hoog begenadig. Luister: "Vrou, groot is jou geloof! Laat dit vir jou wees soos jy wil hê!" Haar dogter het gesond geword van daardie uur af.

Ons kan by die vrou 'n paar dinge leer.
Ons kan leer om ons geloof te laat werk wanneer ons bid.
Ons kan leer om aan te hou om te bid, al swyg die Here.
Ons kan leer om onself te verneder voor Hom, die Hoë en Verhewene.
Ons kan van die Here leer dat Hy hoor; al lyk dit nie vir ons so nie.

"Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees!

Ja, wag op die HERE!" (Ps. 27 : 14).

HOU OP OM TE BID!

Die Bybel leer ons ook om op te hou om te bid vir 'n bepaalde saak. Vreemd en tog ook nie so vreemd nie. Ons kan soms verkeerd bid; hoe dikwels doen ons dit nie?

SIELEMAERTE

So is daar die voorbeeld van Israel in die woestyn. Hulle was opstandig en ontevrede en het gekerm oor vleis... die lekker vleis van Egipteland. Eindelik het die Here aan hulle vleis gegee — 'n swerm kwartels daal op die laer neer. Die vleishonger volk storm op die voëls af, vang en slag en braai, halfgaar en eet. Die vleis was egter nog tussen hulle tande, toe tref die plaag van die Here hulle. En hulle sterf by hope. Van hierdie voorval lees ons in Ps. 106: "Toe het Hy hulle gegee wat hulle gevra het, maar in hulle siel 'n maerte gestuur."

Dit is asof die Here aan sy neulerige kind sy sin gee en hom die gevolge laat dra. Die liewe Israel het nie besef dat die Here beter as hulle weet wat vir hulle goed is nie. Ons moet dit altyd goed, baie goed, onthou. Hy weet veel beter as ons wat vir ons die beste is. Hy sorg goed vir sy kinders.

GEBEDSOORGAWE

Die gelowige gebed is derhalwe niks anders as volkome oorgawe aan die Here en sy wil nie. Jy lê jou nood voor Hom, maar jy weet ook dat jy jou sin en wil nie op hom kan afdwing nie. Jy leer om soos Jesus te sê, toe hy in Getsemane, in sy benoudheid, tot sy Vader geroep het: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; **nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.**" (Matt. 26 : 39).

DORING IN DIE VLEES

Ook die apostel Paulus het die pad geken. Hy vertel in 2 Kor. 12 daarvan: "En dat ek my oor die voortreflikheid van die openbaring nie sou verhef nie, is my 'n doring in die vlees gegee, 'n engel van die satan, om my met die vuis te slaan, dat ek my nie sou verhef nie." Wat se soort doring dit was, weet ons nie, maar dit was beslis vir Paulus nie maklik nie. Hy praat van 'n duiwel wat hom met die vuis slaan.

Dan doen Paulus wat 'n Christenmens behoort te doen: "Hieroor het ek die Here drie maal gebid, dat

hy van my sou wyk". Hy, Paulus, kon bid. Hy kon selfs daarop roem dat hy die gawe besit het om siekes te genees. Daarom nader hy nou vrymoediglik die Here met die nood — die doring of duiwel in sy vlees.

MY GENADE IS VIR JOU GENOEG

Nadat Paulus drie keer gebid het, ontvang hy 'n antwoord. "En Hy het vir my gesê: my genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring."

Hier het Paulus en jy en ek 'n mooi en afdoende antwoord. Die Here vind dit die beste vir Paulus dat hy maar met die doring in sy vlees moet lewe. Dan weet hy beter dat hy uit genade lewe. Die Here gee immers genoeg aan genade vir ons onder elke omstandigheid. Selfs al word ons gedood en as slagskape gereken, is ons nog meer as oorwinnaars. Ons behoort in lewe en in sterwe aan Hom.

'N GELOUTERDE MENS

Ook die digter Asaf vertel in Ps. 73 van dieselfde soort stryd. Hy het selfs bitter en opstandig geword dat die Here hom nie uit sy nood verlos nie. Dat goddelose mense lekker lewe, het nog bygedra tot sy bitterheid. Eindelik bely hy egter: "Toe my hart bitter gestemd en ek in my niere geprikkel was, toe was ek dom en het niks geweet nie; ek was 'n dier by U. Nogtans is ek altyddeur by U, U het my regterhand gevat. U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlijkheid opneem. Al beswyk my vlees en my hart, God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid." Hier het ons een van die mooiste belydenisse van 'n gelouterde mens.

Bid in elke nood. Lê elke behoefte voor die Here, maar gee jouself met al jou behoeftes en voorregte oor in sy Vaderhand en laat die uitkoms aan Hom oor. Hy sorg vir jou.

"Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer." (Ps. 37:5).

CHRISTUS BID VIR ONS!

'n Christen is 'n bevoorregte mens. Hy is skatryk, want hy besit Christus en al sy skatte en gawes. Christus is my Here wat oor my regeer. Hy is ook my Hoëpriester wat Homself vir my geoffer het en nog is dit die einde nie. As Hoëpriester bid Hy ook vir my.

DIE BORSTAS VAN DIE HOËPRIESTER

In die Ou Testament leer ons die priesterskap ken. Aan die hoof van die priesters het die hoëpriester gestaan. Hy het een keer per jaar die allerheiligste van die tempel of tabernakel binnegegaan. Dan was hy geklee in sy volle priestermondering. Op sy bors het hy 'n soort bedekking gedra wat in die Bybel 'n borstas genoem word. Aan die borstas was twaalf edelstene vasgeheg waarop die name van die twaalf stamme van Israel gegraveer is. So tree hy dan die heiligdom binne met 'n skotteltjie bloed in sy hand. Hy sprinkel die bloed op die versoendeksel van die ark en bid. Hy bid vir sy volk.

HOE SIEN GOD SY VOLK

Wie is sy volk? Dink maar aan die volk in die woestyn. Hoeveel moeite het hulle die Here nie aangedoen nie. Opstandig en dwarskoppig het hulle Moses se lewe vergal. Dikwels het hulle teen die Here gemurmureer — wederstrewig soos min.

Tog, daar staan hul hoëpriester in die heiligdom voor die aangesig van God. Hy dra sy volk — sy sondige volk op sy hart. Hul Here sien hulle nie soos hulle werklik is nie, maar as keurstene op die hart van die Hoëpriester.

EN ONS HOËPRIESTER?

"Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree." (Rom. 8:34).

Johannes sien Hom in Openb. 5. Luister hoe heerlik! "En ek het gesien en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is." Hy staan daar voor die troon van God die Lam wat geslag is, wat die tekens van sy slagting nog dra, maar Hy lewe, want Hy staan. Hy staan tussen die ouderlinge en die troon van God. Voor Hom is God op sy troon, agter Hom is sy kerk.

HOE SIEN GOD ONS?

Wie is sy kerk? Dit is ons, swak, ongehoorsaam, sondig, soms opstandig en weerbarstig en tog, hoe sien God ons?

Hy sien ons as keurstene gedra op die hart van ons Hoëpriester. Hy sien ons in die wonde van Christus, die Lam wat vir ons sondeskuld geslag is. Hy sien ons in Hom die Heilige en heerlike Seun van God. Hy staan daar vir ons onthalwe, soos Hy in ons belang aan die kruis gehang het. Hy tree vir ons in. Hy pleit vir ons by sy Vader.

Hy durf pleit, nie omdat ons so goed is nie, maar omdat ons kosbaar is in sy oë. Ja, kosbaar, want Hy het ons gekoop — nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed.

Begryp u iets hiervan?

Dit maak my klein en baie dankbaar.

Dit maak my sterk te midde van storms en nood.

Dit laat my opstaan uit die modder waarin ek wou wegsink, die onreine modder wat my liggaam en siel besoedel.

My Here pleit vir my, omdat Hy my gekoop het met sy kosbare bloed.

My Vader sien my in Hom en nie soos ek werklik is nie.

Ek kan sing: "Verlos en nie verlore!"

DIE HEILIGE GEES — WAT LEER DIE BYBEL?

"In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die **Gees van God het gesweef op die waters.**" (Gen. 1:1, 2).

DIE HEILIGE GEES WAS DAAR VAN DIE BEGIN AF

Die Gees van God was daar van die begin af — mede-werksaam by die skepping van hemele en aarde. Dwarsdeur die Ou Testament kry ons met Hom te doen. "... neem u Heilige Gees nie van my weg nie," bid Dawid in Ps. 51:13. Elders vra hy: "Waar sou ek heengaan van u Gees en waar heen vlug van u aangesig?" (Ps. 139:7).

By die aankondiging van die geboorte van Jesus lees ons dat die engel Gabriël vir Maria sê: "Die Heilige Gees sal oor jou kom. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word." (Luk. 1:35). Daarom bely die kerk van die eeue dat Jesus Christus "ontvang is van die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria."

JESUS DOEN WONDERE DEUR DIE HEILIGE GEES

Wanneer Jesus in die openbaar begin optree, word Hy gedoop deur Johannes die Doper. "En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim en meteens gaan die hemele oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom." (Matt. 3:16). Dan leer Hy baie nadruklik dat Hy die wonders en tekens doen deur die Heilige Gees. (Matt. 12:28-32). Hy waarsku selfs die mense wat sê dat Hy deur die duiwel die duiwels uitdryf: "elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie." Dit staan duidelik i.v.m. die aantyging dat Hy die duiwels deur die duiwel uitdryf en nie deur die Heilige Gees nie.

HY IS ALREEDS DAAR EN TOG SAL HY KOM

Tog skryf Johannes: "En dit het Hy gesê van die Gees wat die sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie." (Joh. 7 : 39). Jesus self sê: "Maar Ek sê vir julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur." (Joh. 16:7). Eindelik, voor sy hemelvaart, is sy laaste bevel dat hulle nie van Jerusalem moet weggaan nie: "Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie." (Hand. 1:5).

Tien dae later kom die Heilige Gees deur die tekens van die geluid van die stormwind, die tonge van vuur en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het in ander tale begin praat. Die saamgestroomde menigte vra verwonderd hoe die Galileërs in die tale van vreemdelinge kan praat. "Hoe hoor ons hulle elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?" (Hand. 2:8).

Nou net die één vraag: hoe moet ons dit begryp dat die Gees van die begin af daar was en tog op Pinkster uitgestort is? Hoe kan Johannes sê: "die Heilige Gees was daar nog nie?" en hoe kan Jesus sê: "julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank na hierdie dae nie?" terwyl Hy vantevore verklaar het: "Dit is die Gees wat lewend maak... die woorde wat Ek tot julle spreek is Gees en is lewe."

Sy dissipels is tog deur die Gees lewend gemaak en hoe kan hulle weer deur die Heilige Gees gedoop word?

SIEN DIT OPENBARING-HISTORIES

Kom ons kyk daarna in die lig van die Openbaringsgeskiedenis. Sedert die Skepping het God die Vader op die voorgrond getree as die Skepper en Onderhouer van alle dinge, hoewel die Seun en die

Heilige Gees medewerksaam was. Toe kom die bedeling van die Seun. Deur Maria neem Hy ons vlees en bloed aan om ons Middelaar te kan wees. Hy loop sy lydenspad en mense glo in Hom, deur die werking van die Heilige Gees. Na sy hemelvaart breek dan die bedeling van die Heilige Gees aan. Hy is die Trooster en Toepasser van die versoeningswerk van Christus. Daarom sê Jesus voor sy hemelvaart: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees." (Hand. 1:8).

BEDELING VAN DIE HEILIGE GEES

Ons leef dus nou in die bedeling van die Heilige Gees. Hy het eenmaal gekom en bly vir altyd met die kerk. Jesus werk vanuit die hemel deur die Gees en die Gees bring ons by ons Middelaar en bind ons ook aan ons hemelse Vader. Elkeen wat weer gebore is deur die Heilige Gees, is ook gedoop met die Heilige Gees; al gaan dit nie gepaard met die teken van Pinkster nie.

Dat 'n mens die Gees ontvang het of gedoop is met die Gees, blyk uit die vrugte van die Gees: "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." (Gal. 5 : 22).

Verbly jou daarin dat jou liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is.